

GESKIEDENIS EN DIE ONDERRIG VAN GESKIEDENIS

Toespraak deur dr. A. H. du P. van Wyk, Transvaalse Direkteur van Onderwys, ter geleentheid van die opening van die Geskiedenis-konferensie in Pretoria op 11 Februarie 1956.

GRAAG dank ek u vir u vriendelike uitnodiging om vanoggend die opening van hierdie konferensie in belang van geskiedenis waar te neem.

Dit is miskien goed om ons vanoggend af te vra wat geskiedenis is en wat ons daarmee beoog? Dit behoort veral van belang te wees vir die groot aantal onderwysers, wat tans hier teenwoordig is.

Die Begrip „Geskiedenis”.

VOLGENS sy etnologiese vorm is dit dit wat geskied het en daarmee hang saam die voorstelling van wat geskied het. Geskiedenis sluit egter nie alles in wat in die verlede geskied het nie, maar gaan keurend te werk. Dit moet gebonde wees aan tyd en plek en in verband gebring word met die mens. So behoort 'n sonsverduistering byvoorbeeld tot die studie van die Sterrekunde, maar dit kan ook van geskiedkundige belang wees, indien dit op 'n bepaalde datum en plek met die mens in verband gebring word. Wat meer is, die geskiedenis stel meer belang in die mens as sosiale wese en as deel van die maatskappy. Die mens as enkeling behoort eintlik tot die geskiedenis en is alleen van historiese betekenis in soverre hy invloed uitoefen op die algemene ontwikkeling van die mensheid. Die geskiedenis het dus te doen met die bestudering van die verlede van die mensheid in soverre dit ons sy loop en rigting beter laat begryp.

Wat die voorstelling van die geskiedenis betref, kan dit nie enige voorstelling wees nie en moet ons ons bepaal by die ontwikkeling en opeenvolging in die versamelde gegewens. Die rangskikking moet dus berus op oorsaaklike verband en die feite op sorgvuldige navorsing om tot die betroubaarheid daarvan deur te dring. Dit is sonder twyfel geen maklike taak nie en die bereiking van die waarheid is so moeilik, dat dit ons waardering vir die waarheid tot sy maksimum verhoog. (Bourne).

Ons kan dus die geskiedenis omskryf as 'n stelselmatige ondersoek en 'n beredeneerde voorstelling van die bedrywighede van die mens in die verlede, in soverre die bedrywighede 'n sosiale betekenis het en in soverre ons soek na 'n oorsaaklike samehang in die menslike ontwikkeling. (Bauer).



Dr. A. H. du P. van Wyk, Direkteur van Onderwys, Transvaal.

Die Betekenis en Waarde van Geskiedenis.

HIERDIE vraagstuk hang ten nouste saam met die lewensbeskouing van die mens en kan dus verskil van persoon tot persoon.

Nietemin is daar tog sekere algemene doeleindes, wat nagestreef kan word, soos byvoorbeeld die volgende.

1. Morele waarde.

In die verlede het skrywers die nadruk laat val op die morele waarde van geskiedenis en is dit beskou as 'n hulpmiddel tot die sede-leer. Dit moes dien as die verskaffer van treffende voorbeelde tot karaktervorming deur middel van afskrikking en navolging. So word Nero slegs gesien as die toonbeeld van alles wat wreed is, terwyl Lincoln steeds gesien word as die gekroonwaardige en onkreukbare held van die Verenigde State.

Sodanige doelstelling kan die juiste feite in die gedrang bring, want dit kan aanleiding gee tot verdonkering aan die een kant en verligting aan die ander kant. 'n Treffende voorbeeld in die Kaapse geskiedenis het ons in die dood in 1729 van Gysbert Noodt, wat as hardvotige goewerneur sou gesterf het, terwyl dit in werklikheid nie sonder meer deur argiefstukke onderskryf word nie. Die werklike feite is dus gekleur deur die moraliteitsbeklemtoning en feit is dat die legende van sy dood 'n veel kragtiger element van sede-leer bevat as die werklikheid self.

So 'n gebeure mag die verbeelding aangryp, maar dit maak die geskiedenis ondergeskik daaraan en druis in teen die waarheidskarakter van die geskiedenis.

Die ware feite moet vir hulle self spreek en as sodanig bied die geskiedenis ook menige geleentheid vir die leer van wyse lesse soos byvoorbeeld die durf en deursettingsvermoë van die ou pioniers.

2. Patriotiese waarde.

Nou verwant aan die moraliteitstrewes lê die bevordering van patriotisme deur middel van die geskiedenis. Dit kan aanleiding gee tot oordrewe verheerliking aan die een kant en verdoeming aan die ander kant én desnoods die objektiwiteit van die vak in die skadu stel.

Die strewes moet steeds bly die handhawing van die waarheid en die geskiedenis van die vaderland is gewoonlik so aangrypend in sy suiwer werklikheid, dat onderstreping daarvan dikwels oorbodig blyk te wees. Dit gee besieling en inhoud van 'n natuurlike sentiment, wat beter spreek as die beste preek — nie alleen vir die volk nie maar ook vir die persoon.

3. *Persoonlike Waarde.*

Die Franse skrywer Lavisse het gesê dat die geskiedenis 'n mens langer laat leef, omdat hy, wat dit bestudeer het, teenoor die ander staan soos 'n ou en ervare man teenoor 'n kind. Daar word dan ook verwys na menige staatsman wat 'n studie gemaak het van die loopbaan van ander staatsliede en daardeur hulle eie lewe en ondervinding uitgebrei het.

Daar moet egter gewaarsku word teen die moontlike beperking van die geskiedenis tot 'n studie van leidende persoonlikhede ten koste van die hydrae van die massa of menslike maatskappy.

4. *Wetenskaplike Waarde.*

'n Wetenskaplike benadering van geskiedenis ontwikkel 'n historiese houding of sin, wat faktore in hulle relatiewe betrekking tot ander laat sien. Dit leer ons dat niks op homself bestaan of absolute waarde besit nie én dat alles wat vandag bestaan 'n produk van die verlede is, soos 'n bestuursvorm, 'n geregshofvorm, 'n geregshof, 'n monument, 'n taal of volksgewoonte. So leer ons hoe onder die eeuelange werk van oorsaak en gevolg ons huidige maatskappy geword het, wat hy vandag is of in die woorde van Ranke: „Die geskiedenis leer ons om die huidige staat van ons maatskappy te verstaan.”

Sonder 'n studie van die worteling van ons maatskappy in die verlede, bly ons kennis daaromtrent gebrekkig en is ons soos die reisiger, wat sy geheue verloor het en nie weet waarvandaan hy kom, waar hy is en waarheen hy gaan nie!

Ons kom dus tot die volgende slotsom van Ranke: „Geskiedenis is die begrip van ons maatskappy op grond van die verlede en daardie kennis beskou ons veral as 'n *kousale* kennis. So gesien bereik ons die stadium van 'n werklike wetenskap.”

Hierna het dr. Van Wyk die gehoor in Engels toegespreek:

Underlying Motives.

I WOULD like to refer to a pamphlet "*Teaching History*", published a few years ago by the Ministry of Education in England.

It gives *three* underlying motives behind this subject which have persisted from the dreary catechisms of the last century into the "lines of development" and "patch" studies to-day.

First, there is the moral impulse, founded on the belief that it is good for children to learn about great and virtuous men and women. The pamphlet quotes Dean Stanley's report of "the black cloud of indignation" which passed Dr. Arnold's face "when speaking of the crimes of Napoleon or of Caesar, and the dead pause which followed,

as if the acts had just been committed in his very presence". Although the pamphlet's authors seem to suppose that many moralizing historians are still at work in the classrooms, they are probably fewer than they were. Ideas of right and wrong have grown less firm — partly with the spread of that understanding which psychology gives, and partly from less reputable causes — and some of the value of the study of history to society has been lost. It is a sign of social strength when types of human excellence are generally agreed upon and revered. Where a society does not readily recognize heroes and villains in its past, it may be taken temporarily to have lost its way.

The *second* motive, closely allied, is described here as that of "heritage". History is for introducing children "to the way things have come about, and so to their own environment, in which they will have to live and to act." It is clear enough that the study of the growth of Parliament and of modern industry, presented in ways suited to the age and ability of the child, serves a useful social purpose in Great Britain. History teaching in schools must always have an aspect of social drill.

The authors give a *third* motive, which they describe as "imaginative experience." Here children are set to study, in some detail, a period remote from their own — say, the thirteenth century. The aim is that they should come to understand people whose ideas and behaviour are quite different from their own; such study requires "a quality of sympathetic imagination and a humility about one's own age." This approach has its attractions, but while essential in university studies it seems rather less suited to school. In school it is probably wisest to relate history to the present.

Critics of this pamphlet say that it is rather surprising that the authors, after putting their heads together about why history should be taught, nowhere advanced in any sharp degree the argument that the study of history is necessary because of all subjects it gives most clues to the understanding of men. It shares this property with literature. In both the religious man, the fanatic, the weakling, the man of power may be seen in action, in failure and success. It is again a reasonable supposition that appeals which have excited mobs in the past will serve to excite mobs in the present. Men do not greatly change; watch them in the past, and you know them better now. This is perhaps the best of the utilitarian arguments for teaching "some history to all."

It is wrong to suppose that knowledge of men is to be gained from living among them only, and never from books. Just as book learning about men by itself is not enough so the man who has studied other men only in life and never in history is usually impoverished in his understanding of them. Seventy years is not a long time for learning

about a complicated subject like man, and it is sensible to stand on earlier shoulders, as one does for everything else without question. A good history book — and a good history lesson is the same — is accumulated experience of men. ("The Times Educational Supplement", Friday, January 2, 1953).

Dr. Van Wyk then addressed the gathering in Afrikaans and said:

Die Plek van Geskiedenis in die Onderwys.

TEN slotte wil ek verwys na die plek van geskiedenis in die onderwys en as uitgangspunt neem die stelling, dat geskiedenis die mens leer om sake in hulle *relatiewe verband te sien, nl.*

(i) Die algemene vorming van die kind.

Dit is vandag die strewe in die opvoeding om die algemeen-vormende volksonderwys van elke kind te verhoog tot aan die einde van sy tiende skooljaar of *standerd VIII* en in hierdie kernkurrikulum moet geskiedenis sonder twyfel 'n noodsaaklike plek naas ander ewe-belangrike vakke inneem. Ons is dit verskuldig aan ons kinders in 'n land met steeds toenemende meganisasie en veelsoortige rassevraagstukke.

(ii) Die vraag van leiding in die onderwys.

Dit word vandag algemeen aanvaar dat die onderwys 'n tweepolige proses is nl. die groei van die kind aan die een kant en die leiding van die onderwyser aan die ander kant. Die suksesvolle onderwyser maak gebruik van die belangstelling van die kind en verskaf doeltreffende leiding. Die lewenskrag van die vak word dus bepaal deur die lewenskrag van die onderwyser. Administratiewe en opvoedkundige *dwang* daarenteë doof die belangstelling uit en maak die vak dood.

(iii) Die vereistes van gedifferensieerde middelbare onderwys.

Die middelbare onderwys staan vandag in die teken van differensiasie en is gebaseer op die gesonde opvoedkundige beginsel van individuele verskille. Daar moet deeglik rekening gehou word met die individuele aanleg en belangstelling van leerlinge en hulle onderwys gereël word ooreenkomstig die sogenaamde *3A's* nl. „Age, Aptitude and Ability.”

(iv) Die kindsentriese skool van die twintigste eeu.

In die verlede het die vak die middelpunt van die onderwys uitgemaak en het die skole bekend gestaan as vaksentries. Teen die einde van die 19de eeu het daar egter as 'n gevolg van die kenterende filosofie en sielkunde, 'n verskuiwing plaasgevind van die vak na die kind én word die onderwys vandag as kindersentries beskou. Die deurslaggewende faktor in die onderwys behoort dus die belange van die kind en nie die belange van die vak te wees nie.

Teen hierdie agtergrond moet myns insiens die onderwys van geskiedenis gesien en sy relatiewe plek in die onderwysplan bepaal word!